# SARS EFILING GROEI IN EERSTE TWEE WEKE VAN BELASTINGSEISOEN

**PRETORIA, Saterdag 13 Julie 2019** - Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) kondig graag aan dat gebruikers van eFiling met 5% toegeneem het in die eerste twee weke van Belastingseisoen 2019.

Teen gister, Vrydag 12 Julie, het SARS, vergeleke verlede jaar, meer as 456 000 persoonlike inkomstebelastingopgawes deur eFiling ontvang en meer as 36 600 opgawes deur die SARS MobiApp.

SARS het WiFi by sy takke opgestel om belastingpligtiges na hierdie twee herskepte digitale kanale, eFiling en die SARS MobiApp, oor te skakel in 'n poging om die gebruik van die twee kanale te verhoog.

SARS herinner belastingpligtiges aan die volgende Belastingseisoen datums - indienings by SARS-takke sal tussen 1 Augustus en 31 Oktober aanvaar word, terwyl gebruikers van eFiling en MobiApp tot 4 Desember sal hê.

SARS is daarvan bewus dat sommige belastingpligtiges uitdagings ondervind met terugbetalings, asook die ondersoek-, verifiëring- of ouditprosesse. SARS vra om verskoning vir die ongerief veroorsaak.

Ons wil graag alle belastingpligtiges, wat vir enige van hierdie prosesse uitgewys is, herinner aan ons dienshandves-verbinding wat as volg is:

Indien 'n huidige jaar se terugbetaling aan jou verskuldig is, geen ander skuld is verskuldig nie, alle verpligtinge nagekom is, SARS se administratiewe beheerprosesse is nagekom en geen ondersoek-, verifiëring- of oudit word vereis of begin is nie, onderneem ons om:

- Die huidige belastingtydperk se terugbetaling, bo R100, binne 7 werksdae vanaf die finalisering van die finale aanslag, uit te betaal.
- Indien jy vir ondersoek, verifiëring of oudit uitgewys is, onderneem ons om:
    - Jou binne 15 werksdae van ontvangs in kennis te stel dat die opgawe of verklaring aan verifiëring onderworpe is, indien jou opgawe vir die huidige indieningstydperk is.
    - Verifiëring binne 21 werksdae, vanaf die datum wat alle vereiste stawende dokumente ontvang is, af te handel, indien jou opgawe vir die huidige indieningstydperk is.
    - 'n Oudit binne 90 werksdae en verifiëring binne 21 werksdae, vanaf die datum wat alle vereiste stawende dokumente ontvang is, af te handel.

Rakende bankrente-inligting, moet belastingpligtiges kennis neem dat sodanige inligting eers vanaf 2020 op persoonlike inkomstebelastingopgawes vooraf voltooi sal wees. Hierdie inligting kan egter self voltooi word vir die 2019 belastingjaar.

'n Aantal regstellings sal die naweek ingestel word wat die meeste van die terugvoer, wat van belastingpligtiges ontvang is, sal aanspreek.

SARS is in noue samewerking met belastingpraktisyne deur hul erkende beheerliggame (RCB's) en bedank hierdie organisasies vir hulle samewerking deur bystand te lewer in die lewering van uitstekende diens aan belastingpligtiges.